

Week 5: Respek

Ysbreker: As jy agv 'n misverstand tot die dood veroordeel word – wat sal jy bestel vir jou laaste ete?

Open met Gebed

- 1) **Vraag:** Hoe reageer jy as jy dink iemand respekteer jou nie?
- 2) **Vraag:** Is daar kere wat jy dit regverdig om nie aan iemand respek te betoon nie?
- 3) Kyk video: www.youtube.com/watch?v=9hwlfxBBZ4E (of Google: Youtube The Illusion of Rudeness - The Myth of Respect)
- 4) **Vraag:** Wie moet ons respekteer/eer?

Vers: 1Petrus2:17 - Eer alle soorte mense, wees lief vir die hele gemeenskap van broers, vrees God, eer die koning.

Vers: Rom 12:10 - Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld.

Vers: Titus 3:1-5 - **vers2:** om van niemand kwaad te spreek nie, om nie stryd lustig te wees nie, om redelik te wees en alle sagmoedigheid teenoor alle mense aan die dag te lê.

- 5) **Noem:** Ons moet alle mense en alle gesag met respek behandel. Ons gedrag teenoor iemand anders behoort nie bepaal te word deur die ander persoon se gedrag nie, maar deur my God. Om iemand met respek te behandel is 'n keuse.
- 6) **Vraag:** Hoe kan ek beter respek betoon?
Noem:
 - 6.1) Dink aan hoe God mense beskou
 - 6.2) Erken hoofskap, ouderdom en gesag.
 - 6.3) Gun mense hul mening
 - 6.4) Verstaan jou gehoor
- 7) **Vraag:** Watter een van bogenoemde is vir jou die moeilikste?
Noem: Besef dat hierdie nie iets is wat jy vinnig gaan aanleer of afleer nie. Jy moet daagliks hiervoor bid en bereid wees om baie hard te probeer.
- 8) **Vraag:** Mag jou opinie verskil van die persoon vir wie jy respek moet hê? Wat as iemand iets doen wat direk teen my geloof gaan?
Noem: Jy mag verskil van iemand. Maar op die regte manier. Die manier waarop jy verskil van iemand moet wees soos Christus van jou verwag. Die resultaat moet wees tot die uitbou van God se koninkryk.
- 9) **Vraag:** Waarvoor moet jy pasop?
 - Waak teen jou eie ego. Hoe jy respek betoon moet tot die uitbou van God se koninkryk lei.
 - Maak seker jy beroof nie iemand van sy menswaardigheid deur dit wat jy sê of doen nie.
 - Moet jou nie meet aan die wêreld se standaard van respek nie, maar meet jou aan Christus s'n.
 - 'n Groot deel van Respek betoon is eenvoudig om te luister. **Wees hoflik, nie ongeskik.**
 - Moenie altyd beter weet of fout vind nie, gun ander hul eie opinie en respekteer dit - **Spreuke 22:11**

Noem: Selfs Jesus – die Koning van die Heelal – was bereid om **soos 'n slaaf sy dissipels se voete te was**. Selfs die wat Hom sou verloon. Selfs die een wat sou saamsweer tot Sy dood. Hy het aan 'n kruis gesterf tot eer van God. Hy het gesterf vir jou en vir my. Om die knie te buig tot **EER van GOD** behoort nie so moeilik te wees nie. Dit gaan nie oor wat die ander persoon aan jou gedoen het nie, maar oor wat God reeds vir jou gedoen het.

- 10) **Vraag:** Vir wie sal jy graag meer respek wil betoon?

Sluit af met Gebed